

3de Sondag na Trinitates
1 Tim.1:12-17 12 Junie 2016

Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in sy diens te stel, al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was barmhartig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie. Ons Here het my oorlaat met sy genade en met sy liefde en geloof wat in Christus Jesus is.

Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste (omdat ek die gemeente van Christus vervolg het). Maar juis daarom was God my genadig sondat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid (geduld) sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.

Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

Liewe gemeente,

Wat doen Paulus hier? Hy gee getuienis van sy eie lewe.

Nou wanneer ons van getuienis praat, help dit om hierdie vier punte te onderskei:

- (1) Ek,
- (2) gee getuienis,
- (3) aan iemand
- (4) in 'n spesifieke situasie.

Al vier aspekte verander voortdurend. En tog is daar een deurlopende lyn wat onveranderd bly.

In ons teksgedeelte leer ons van (1) Paulus skryf (2) aangaande wat met hom gebeur het (3) aan Timoteus, die jong leraar (4) wat in die stad Efesus die gemeente gelei het. Oor elkeen van hierdie punte kon ons 'n Bybelstudie gehou en baie inligting oorgedra het. Dit is inderdaad baie interessant en leersaam om jouself besig te hou, hoe die Evangelie homself ontvou by elke mens en in elke situasie. Maar ek wil graag die deurlopende lyn uitlig en ons eie getuienis toe kom. Want dit gaan oor (1) myself, ek (2) wat ek bekend maak wat met my gebeur het (3) aan iemand / my teenoorgestelde (4) elke dag in ander omstandighede.

Die deurlopende lyn is maklik hoorbaar maar so moeilik sienbaar. En dit is eenvoudig: **dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te verlos.** Dit is die kernaangeleentheid van die Evangelie. Dit is die kortste belydenis met die grootste slaankrag in die kosmos. Is daar enige iemand in hierdie gemeente vandag wat dit nie kan herhaal nie? Is daar enige iemand wat nog vrae het aangaande hierdie stelling?

Indien nie - dan kwalifiseer jy 100% om as getuie van Jesus Christus op te tree.

Mag ek dit herhaal: as die verlossing en die heil van Jesus Christus by jou posgevat het, as jy glo en vertrou: Jesus Christus het ook vir my in die wêreld gekom om my vir tyd en ewigheid te verlos, dan het God sy doel met jou bereik, dan is God kragtig in jou werksaam, dan is jy ingeneem in God se missie.

Laat my kortliks na laas Sondag verwys voordat ons by die aanwendig kom. Laas Sondag het ons oor Apostels en profete gepraat. Apostels is mense wat deur Jesus geroep is, en Apostels is *gestuurdes* om Jesus se werk op aarde voort te sit. Eers was dit die 11 apostels wat by die berg net voor Jesus se hemelvaart die belofte en opdrag ontvang het: *Aan MY is gegee alle mag in die hemel en op aarde - daarom, omdat dit só is, daarom gaan heen die hele wêreld in, en maak dit aan almal bekend; maak mense my dissipels en doop hulle en leer hulle alles onderhou.*

(Paulus sien homself ook as iemand wat direk geroep en gestuur is en eien homself ook die titel "apostel" toe)

En van Pinkster af is dit alle mense wat met die Evangelie in aanraaking kom, wat glo en gedoop is wat dan ook ingeneem is in God se missie. God hou aan om "in die wêreld" in te kom - deur jou en my wat Hom ten volle vertrou en met sy Gees toegerus is.

Nie meer hoor ons God se stem *direk* uit die hemel nie, maar *indirek* - óns het die Bybel waarin ons lees en God verder leer ken. Maar wat het die wêreld? Hoe bereik God die wêreld?

Antwoord: die wêreld hoor jou stem; die wêreld sien jou lewe. Indirek werk God deur jou en my om alle mense tot insig van die waarheid te bring. Daarom is een van die **kenmerke van die kerk** die verkondiging

van die Evangelie hier in die kerkgebou, in die gemeenskap van die gelowiges (lesings en preek), én die getuienis van elke Christen daar in die alledaagse lewe. En Paulus stel homself as voorbeeld daar. Wat hy skryf, is vir ons bemoediging en versterking om ons eie getuienis in te skerp.

Ek wil graag aan julle hierdie vier punte voorhou sodat ons onself

(1) die eerste punt wat ons genoem het, is **ek / myself**. Ons kan vra: wie is geskik om getuienis te lewer? Antwoord: wie die werking van die Evangelie aan sy eie liggaam ervaar het. Hou bietjie introspeksie wat by jou aangaan. Hoe is jou verhouding met God? Is jy werklik verbonde met jou Skepper, Verlosser en Heiligmaker? Waar het dinge met jou gebeur waar jy oortuig was: hier was God aan die werk!

Paulus verwys na homself: onthou Timoteus, wat ek jou al vertel het, hoe die Here Jesus my aangegryp het, letterlik van my trots, van my hoë perd afgegooi het, my verblind het. Ek, Paulus, was 'n yweraar vir die Joodse geloof; ek het Christene gehaat soos die pes; ek wou hulle uitroei omdat ek gedog het dat Christene die Ou Testamentiese geloof verraai en God beledig. Ek het Jesus verag soos 'n iemand wat selfs deur God vervloek was; Jesus se woorde was vir my heretiese dwaallering. En God het my gegryp en verblind. God het direk met my gepraat; God het my gewys dat die vloek wat Jésus op Homself geneem was, my eie vloek was. God het vir Jesus weer opgewek. God het alle heil in Jesus gekonsentreer en in Jesus is die verlossing van die hele wêreld opgesluit. Ek, Paulus het weer siennend geword; ek het alles in 'n nuwe lig waargeneem; ek het deel geword van die universele lewe in Christus Jesus. Ek het genade gevind. Ek kan nie meer stilsit nie maar moet dit nou die hele wêreld in verkondig.

Sien, dit was Paulus se verhaal... Wat is jou verhaal? Miskien nie so dramaties soos Paulus s'n nie, maar elkeen van ons wat hier teenwoordig is, het 'n verhaal met die Here. Ons sê gewoonlik het dit met die doop begin - toe God Homself aan jou verbind het. Het jy der kinderkerk en katkisasie gegaan - dan was dit God wat besig was om jou te vorm. Miskien het jy eers later tot insig gekom, miskien deur jou vriend of vriendin, miskien deur siekte of krissis, miskien deur die wetenskap en filosofie. Elkeen van julle se verhale is unik, belangrik en nodig om bewus te word. Die Evangelie is 'n lewensverhaal van mense. God gebruik mense wat geheilig is (nie op hul' eie reeds heilig is nie), wat uit vergifnis en genade leef.

(2) Die tweede punt waarna ons verwys, is **die inhoud van jou getuienis**. Wanneer jy jou verhaal vertel, dan maak seker dat inderdaad *die Evangelie* deurdring. Nie die groot EK nie, maar **GENADE** is aan my betoon, beklemtoon Paulus. Genade bo genade, is ook die melodie in my en jou lewe. Maar verstaan: dit is *genade* midde in die lewe, midde in siekte en verlies, midde in vreugde en sukses, midde in die lewe. So, terwyl jy jou verhaal vertel, skyn genade deur. En let op: Dit is van uiterste belang dat jou Godsbeeld korrek bly - wat geskied deur daaglikse stiltetyd, gebed en gesprekke met medeChristene. God is met jou nog nie klaar nie, maar vorm jou elke dag. Elke dag is nog 'n episode in die avontuurreis van die geloof. Oefen jouself om jou geloof te verwoord. Onder punt 4 nog tips.

(3) Onder die derde punt neem ons **ons teenoorgestelde** in ag. Aan **wie** gee jy getuienis? Dit gebeur mos selde dat iemand stoksiel alleen deur die dag gaan, nie waar nie? Elke dag kom ons met mense in aanraking. Elke dag bied nuwe geleenthede om ons lewensooruiging te deel - daar is die pompjoggie by die vulstasie, die dame agter die toonbank, die man aan die anderkant van die telefoon, die werkskollegas en vanselfsprekend vriende en familie.

Praat ons slegs oor rugby en die weer? Ja, natuurlik ook, maar waarom nie daarop agslaan dat jy positief daaroor praat. God wil ook deur daardie alledaagse gesprekke werk; ander mense lees jou lewensingesteldheid, jou houding, jou woordeskat, jou ingesteldheid teenoor hulle.

Respekteer en waardeer jou gespreksvenoot. Probeer uitvind wat se vrae en probleme hy/sy het, en neem dit ernstig op. Probeer 'n gemeenskaplike basis vind waar julle ooreenstem - hetsy die rugby of politiek, maar dan neem dit verder.

Soos byv gister was 'n groot sametrek by die Orlando-stadium in Soweto waar kerke van alle denominasies deelgeneem het. Hulle het verhale van die verlede gedeel, ingebed verenig en wil daadwerklik 'n positiewe poging aanwend om die land te beïnvloed. Ons was nou nie in Soweto nie, maar jy kan bv tussen jou gesprek net die vraag laat val: dink jy hierdie land kan 'n voorbeeld word hoe God met ons werk? Het God in 1990 en 1994 wonderwerke aan ons land gedoen? Sal Hy dit weer doen? Met wie gaan God die wonderwerke doen?

'n Ander voorbeeld mag wees wanneer iemand deur 'n egskeiding gaan, of verlies beleef (inbraak, siekte, aftakeling by die werk) of ook vreugdes beleef. By 'n verjaarsdag - voeg by die “baie geluk vir die verjaarsdag” ook nog “mag die Here jou verder bewaar en ryklik seën!” By jou werk weerspiël die kwaliteit van jou werk jou lewensingesteldheid – en jou medemense sien dit raak (!), nie waar nie?

Elke persoon aan wie jy getuienis oorlewer, smag na heil en verkwikking. Sal jy aan hom/haar die regte woord kan oordra? Elke persoon het 'n lewensverhaal in wie God 'n wêreldse verskil wil maak. Miskien het Hy juis vir jou gestuur om nou méér te sê as om net oor die weer en politiek te praat. Daarom neem jou teenoorgestelde ernstig op; respekteer hom/haar as van God gestuur; God sal jou lei.

(4) En die situasie sal vir jou leer, hoe en wat om op die regte tyd te sê.

Vir Paulus was dit krities dat Timoteus in die stad Efesus standvastig sal bly. Valse leraars het in die gemeente ingeglip en sou die hele gemeente om die bos lei indien valse leerstellings by mense sou posvat. Hierteenoor moes Timoteus standvastig bly. Hy's jong en onervare - “maak nie saak nie”, het Paulus geskryf, “God is kragtig deur jou ook aan die werk. Soos die Evangelie by my gewerk het, sal dit ook vir jou sterk maak.”

Dit is nie maklik om op die leiding van die Gees van God te vertrou nie maar dit kom met oefening. Wanneer jy in 'n situasie gelei word, bly in gesprek met die Here jou God. Vertrou dat Hy in beheer is van situasies. Bid voortdurend dat Hy vir jou die regte woord op die regte tyd gee. Maar jou ingesteldheid sal wees dat jy nie *jouself* moet verhef of opblaas nie. Nee, jy's 'n gestuurde *van die Here*. Deur jou bewerkstelling die Here heil en versoening, eenheid en genesing, met jou woorde en jou dade.

Ek rond af: Om te kan dien, het ons die Woord nodig. “Die Woord van die versoening” is ons Sondag se tema. Die Woord ontvang ons in daaglikse boekevat, in ons die eredienste en Bybelstudies, in die geloofsgemeenskap en veral in die sigbare Woord van die Heilige Nagmaal. As ons daarin gevestig is, is alle vereistes vervul sodat die gawes van die Here ontvou kan word en die liefde van God deur ons in die wêreld soos 'n rivier verkwikende water invloei.

As Paulus oor hierdie dinge besin, die dade van God in sy eie lewe raaksien, dan breek hy skielik uit in lofprysende aanbidding: **Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid**. Paulus het ware bevryding en versoening ervaar. Dit is hierdie innige dankbaarheid wat hom spontaan laat jubel en juig.

En is dit nie presies dit waartoe God die mense geskep het, dat hulle hulself in God kan verbly, dat hulle weer één met Hom sal wees in lyding sowel as in blydschap?!

Só wil God dan geprys word deurdát ons toelaat dat God waarlik GóD sal wees, dat Hy ons Verlosser, Onderhouer en Voleinder kan wees, dat ons nie ons eie heil wil maak nie, maar ons bedelaarshande open sodat Hy dit met alle hemelse seën sal vul. Daarom het ...*Christus Jesus in die wêreld gekom om sondaars te verlos* ... waarvan ons almal die eerstes is. Laat ons almal in die voorste rye sit van begenadigde sondaars sodat ons saam met al die uitverkorenes hier in die kerk en eendag in die hemelse tempel Hom ten alle tye loof en dank. Amen.

En mag *die vrede van God* wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, ons Here. Amen.

